

## **Psalm 149**

### **God vernuwe ons en roep ons om 'n nuwe lied te sing**

#### **Inleiding:**

- In baie van die psalms lees ons dat die psalms geskryf is vir 'n bepaalde doel.
  - Die rede en omstandighede word gegee waarin die psalmdigter die lied geskryf het.
    - Psalms word geskryf in tye van beproewing, in tye van oorlog, in tye van persoonlike worsteling met God.
    - So sien ons dat die psalms nie doelloos geskryf is nie.
      - Dikwels deel ons die sentiment van die skrywers en word die woorde so te sê uit ons monde uitgehaal.
      - Baie van ons vlug na die psalms toe wanneer ons eie woorde so gereeld te kort skiet.
- In die laaste vyf psalms van die boek sien ons egter 'n ander karakter in die psalms raak.
  - Daar word nie agtergrond gegee nie.
    - Daar word ook nie genoem wie hierdie psalms geskryf het nie.
    - Maar dit bevestig vir ons die gesag van die skrif.
      - Ongeag die feit dat ons nie weet wie die menslike skrywer is nie, kan ons verseker wees dat God steeds hierdie mense as instrumente geïnspireer het om die psalms te skryf onder leiding van die Gees tot eer van die Here.
- Die laaste vyf psalms is almal duidelike lofpsalms.
  - Al hierdie psalms begin en eindig met die oproep – “Prys die Here!”
    - Elkeen van hierdie psalms het dan 'n unieke karakter en roep ons op om die Here te prys vir baie spesifieke redes.
      - Vanoggend in die prediking staan ons in besonder stil by die boodskap en karakter van psalm 149.

- Ons word opgeroep om 'n nuwe lied te sing tot eer van die Here.
  - Ons gaan veral by drie gedagtes stil staan.
    - God is goed vir sy volk
    - Sing 'n nuwe lied
    - Sing saam met die regverdiges

### **God is goed vir sy volk**

- Nie een van die psalms roep ons op om God te prys sonder om 'n rede daarvoor te gee nie.
  - Daar is bepaalde redes hoekom ons God moet prys.
    - Die eerste realiteit is omdat wanneer ons besef wie God is en wat Hy doen, kan ons nie anders as om God te prys nie.
- Ons beleef sy goedheid daaglik en daarom loop ons oor van prys vir die Here.
  - Die hart van iemand wat die goedheid en guns van die Here besef kan nie anders as om uit te roep in lofgesange nie.
- In die psalm sien ons egter ook spesifieke redes hoe ons die goedheid van God beleef.
- Die eerste oproep is om God te prys omdat Hy die Maker is van die volk.
  - Maker word in die meervoudvorm gebruik in hierdie psalm.
    - Hierin word veral die fokus daarop geplaas dat dit die drie-enige God is wat Israel gemaak het.
    - Ons praat nie hier van die antieke volk wat in Israel gebly het nie, maar van elkeen wat deur God gemaak is en uitverkies is tot sy volk.
      - Elkeen van hierdie mense word opgeroep om God te prys.
  - Dit is hierdie mense wat voor die grondlegging van die wêreld deur God uitverkies is vir Christus tot sy volk.
    - Dit is hierdie mense wat geseën word met geestelike seëninge in Hom wat gestuur is om hulle te verlos, wat hulle regverdig gemaak het deur sy geregtigheid, wat hulle sondes vergewe het deur sy bloed, wat hulle aangeneem het en erfgename gemaak het van sy glorie.
- Daarom moet ons Christus prys vir wie Hy is.

- Ons moet Hom prys vir sy regverdigheid, sy offer en sy volheid.
  - Daarmee saam moet ons die Heilige Gees prys vir wie Hy is.
    - Hy is die een wat ons nuut gemaak het deur ons wedergeboorte en ons daaglik heilig maak om daaglik al meer soos Christus te wees.
    - Hy is ons trooster en die volheid van ons toekomstige heerlijkheid.
- God se goedheid eindig nie net by die feit dat Hy ons gemaak en ons daarom ook red nie.
  - God is lief vir sy volk.
    - God is lief vir jou.
    - En daarom is Hy goed vir elkeen van ons.
  - Die ou vertaling gebruik die woord welbehag.
    - Vandag is dit nie 'n woord waarmee ons goed bekend is nie.
      - Dit beteken God se kosbare liefde en die rede waarom jy God se guns beleef.
        - Eenvoudig gestel – Jy beleef God se guns want Hy is vir jou lief.
  - Ons beleef God se guns omdat Hy ons sien deur Christus.
    - Hy sien ons as geklee met die geregtigheid van Christus.
    - Ons is skoon gewas.
    - En omdat ons in Christus is, kan ons nou met vrye toegang lofliedere sing tot eer van die Here.
      - Daarom word ek en jy opgeroep om 'n nuwe lied te sing.

### Sing 'n nuwe lied

- Sing 'n nuwe lied.
  - Hier is vir niemand 'n verskoning nie.
    - Jy kan nie wegkruip agter ek ken nie die woorde of die wysie is onsingbaar nie.
      - Die Here roep ons op om 'n nuwe lied te sing.
  - Hoe lyk hierdie lied?
    - Moet ons nou nuwe liedere gaan skryf sodat ons dit kan sing tot God se eer?
    - Is die liedere wat ons beskikbaar het nie meer goed genoeg nie?

- Nee, as ons ons vrae vra oor die lied, begin ons by die verkeerde plek.
  - Hierdie nuwe lied word deur nuwe mense gesing.
    - Nie ander mense nie, maar mense wat nuutgemaak is.
- Hierdie lied word deur nuwe mense gesing wat nuwe genade beleef.
  - Genade en redding wat herstel is.
    - Hierdie nuwe lied is die lied van die Lam.
      - Hierdie lied is tot eer van Christus en al die werke wat Hy gedoen het, sodat ons deur sy werke nuutgemaak kan word.
      - Hebreërs 10:19-20 verduidelik vir ons die nuutheid van die lewe wat ons in Christus beleef.
        - *Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam.*
- Ons het daarom deel aan 'n nuwe verbond, ons redding is nuut en ons is nuutgemaak.
  - Daarom moet ons ook die nuwe lied sing.
  - Dit beteken nie die lied verander nie, maar die manier wat ek die lied sing.
    - My hart word so deur die Gees verander dat ek werklik begrip het vir dit wat ek sing.
      - Dit beteken wanneer ek sing “prys die Heer met blye galme”, dat ek werklik die Here prys.
      - Dit beteken wanneer ek sing “God het ek lief want die getroue Heer hoor na my stem”, dat ek werklik glo dat God my stem hoor en daarom is ek met alles in my lief vir Hom.
        - So sien ons dat die woorde van die lied nie vir ons verander nie, maar dat my hart so nuutgemaak is deur die Heilige Gees, dat my denkwysse oor dit wat ek sing heeltemaal verander.
- Ongeag wat ek sing en wanneer ek sing, sing ek tot God se eer as die antwoord op die redding wat Hy vir my gegee het.
  - Hy het my gered en nuutgemaak, daarom sing ek nuut.
    - Daarom moet die manier wat ek sing ook heeltemaal verander.

- In Efes. 4:23 roep Paulus ons op dat ons gees en gedagtes nuut moet word.
  - 'n Nuwe gees en nuwe gedagtes beteken dat daar 'n duidelike verandering in ons moet wees.
    - Hierdie verandering moet sigbaar wees vir die wêreld.
- In vers 6 van psalm 149 hoor ons dat die roem van God uit ons mond kom en in ons hand 'n tweesnydende swaard is.
  - So sien ons dat ons eerstens moet sing tot eer van die Here.
    - Die oorspronklike teks gebruik nie die woord mond nie, maar keel.
      - Dit wys dat die roem wat uit ons mond uitkom uit die hart uitkom en nie maar leeg voor op die tong lê nie.
      - Ons harte loop oor van roem vir die Here en daarom kom dit ook by ons mond uit op die manier wat sing.
  - Daarmee saam is die swaard ook in die hand.
    - Hiermee wil die psalmdigter dit duidelik maak dat ons sang doelloos is, as ons dae nie getuig van die woord van God nie.
    - Met die mond bely ons Christus en met die hand doen ons die werke van Christus.
- Dit wat ons sing en dit wat ons doen vloeï uit die woord van God uit.
  - Daarom is daar geen groter voorreg as om dit wat God vir ons gee in sy woord vir Hom te kan terug sing nie.
    - So rus God ons ook toe om die nuwe lied te kan sing tot sy eer.
      - Hy gee weereens geen opdrag, sonder om ons ook daarvoor toe te rus nie.

### **Sing saam met die regverdiges**

- Die psalm stop egter nie by die nuwe lied nie.
  - Saam met die nuwe lied moet ons ook sing saam met die ander wat ook nuutgemaak is saam met my.
    - *“sing tot sy lof in die vergadering van sy troue dienaars”*
    - So word ons ook herinner hoe belangrik die sang is in ons eredienste.
      - Dit is nie maar 'n eenvoudige roetine om ons besig te hou in die erediens nie.

- Dit is 'n belangrike moment in ons erediens waar ons eerstens God loof, aanbid en prys vir wie Hy is, vir wat Hy doen en die voorreg om so as gemeente te kan saamwees.
- So bevestig dit ook ons eenheid met mekaar in Christus.
  - Daarom sing ons saam.
    - As jy dan nie sing in die erediens nie, distansieer jy jouself van die eenheid met die gemeente.
      - Daarom sing ons saam met mekaar tot eer van die Here.
- Maar ons samesang beteken niks as ons nie opreg is ons liedere nie.
  - Ons moet in gedagte hou dat dit wat ons sing betekenis het.
    - Dit is nie leë woorde nie, maar offers wat ons in dankbaarheid aan die Here bring.
    - Dit is 'n manier van praat met God.
    - Daarom moet ons in alle opregtheid sing wanneer ons tot God ing.
  - Ons mag egter nie met droewige harte en gesigte sing as dit tot eer van die Here is nie.
    - Ons is gered deur Christus tot 'n nuwe lewe.
      - Dit is nie 'n doods vonnis nie.
        - Waarom wys ons gesigte dit nie wanneer ons sing nie?
        - Waarom is daar nie 'n glimlag op jou gesig wanneer jy van die genade van die Here sing nie?
        - Waarom is daar nie vreugde wanneer jy saam met jou medeverlostes sing van die Here nie?
  - By die Here is daar geen verskoning vir halfhartige sang nie.
    - Om vals te wees is nie 'n sonde nie.
    - Daarom vra die Here nie 'n suiwer stem nie, maar 'n opregte hart wat met oorgawe oorloop van dank vir die Here.
      - As die manier wat jy sing nie getuig van God se redding en jou blydskap daarvan nie, wat getuig dit van jou hart?
        - Besef jy dan werklik dat God jou nuutgemaak het?
        - Besef jy werklik dat jy deur God gered is?

- Besef jy werklik die nuwe lied wat jy kan sing in en deur Christus?
- Niemand van ons sing om die persoon langs jou tevrede te stel nie.
  - Jy sing tot God se eer.
  - Jy sing om sy naam groot te maak.

**Slot:**

- Kyk rondom jou.
  - Dit is die mense wat God saam met jou nuutgemaak het.
  - Jy het die voorreg om saam met hierdie gelowiges te sing tot eer van die Here.
    - Hierdie nuwe lied is 'n herinnering van die wonderlike werk van Jesus Christus.
    - Maar hierdie lied is ook 'n belofte en versekering dat die tyd sal aanbreek wanneer ons saam met elke gelowige oor alle tye tot in ewigheid sal sing voor die troon van God wanneer ons die lewe van oorvloed volkome ingaan.